ONTWERP NOVEMBER 2009

Hierdie was die tweede keer dat ONTWERP IN KONTEKS in die finale eksamen geskryf is. Daar was 'n groot verbetering in die uiteensetting en algemene voorkoms van die vraestel..

Bespreking

- Vraag 1.1.1 Kandidate het steeds nie die verskil tussen *Ontwerp, Kuns* en *Kunsvlyt* geken nie.(Indien hierdie inhoud in graad 10 of 11 gedoen word, moet dit in graad 12 hersien word.)
- Vraag 1.1.2 and 1.2.2 Basiese Ontwerpterminologie moet geleer word. Kandidate het steeds met *vorm, fatsoen* en *vlak* gesukkel.
- Vraag 2 - Ontwerpgeletterdheid is baie goed beantwoord. 'n Uitstekende voorbeeld in 2.2 het die kandidate die kans gegee om vryelik te analiseer en te interpreteer. Kandidate moet geleer word hoe om die elemente en beginsels van ontwerp toe te pas. Dit moet gesien word as basiese kennis wat in graad 10 bestudeer moet word, en in graad 11 en 12 hersien en toegepas moet word.
- Vraag 3 – Onderwysers moet fokus op ontwerpers wat internasionale en Suid-Afrikaanse invloede integreer. Blootstelling aan hierdie tipe ontwerp en ontwerpers moet gebalanseer word met fokus op kritieke analises en denkwyses.
- Vraag 4 – Baie beter beantwoord. Ongelukkig het die gegewe benaminge steeds baie kandidate verwar.
- Handboeke moet gestandaardiseer word ten opsigte van die benaming en tydvakke van Bewegings. Ons stel verwysing na die volgende voor:

  - Arts & Crafts/Kuns en Kunsvlyt
  - Art Deco
  - Art Nouveau
  - Modernisme
  - Pop Design/ Pop-ontwerp
  - Post Modernisme

- Onderwysers is ook verward aangaande die onderrig van Pop-ontwerp (Funksioneel) teenoor Popkuns. Alhoewel die nuwe (*Future Managers*) handboek verwys na bv. Andy Warhol se *Silk-screens* (as 'n tegniek), moet onderwysers seker maak dat hulle kandidate slegs funksionele ontwerpe bespreek.
- Kandidate moet ook bewus gemaak word van die verskil tussen *ontwerpers* en *kunstenaars*. Alhoewel die *Woolworths Design Resource Book* kunstenaars soos Strijdom van der Merwe onder *Environmental Design* plaas, word hy beslis as 'n landskapkunstenaar geklassifiseer. (Dieselfde geld vir Ralph Borland se beeldhouwerke – alhoewel sy *Park* onder *Ontwerp* val omdat dit wel funksioneel is.)
- Kandidate moet geleer word om lang vrae te beantwoord met verwysing na spesifieke ontwerpe, en nie net in die algemeen nie. (Bv. Baie handboeke gebruik voorbeelde wat nie tipies is van die ontwerpstyl nie, maar indien kandidate van spesifieke voorbeelde gebruik maak, kan daar volgens hierdie voorbeelde nagesien word.)
- Kandidate moet dus oefen om voorbeelde, titels en areas van die spesifieke ontwerp te substansieer.
- Kandidate moet alle titels onderstreep, en alle name met hoofletters begin.
- Vraag 5 & 6 – Kandidate moet, in die bespreking van Ontwerpstudies, minder fokus op onbelangrike inligting soos 'n ontwerper se agtergrond, datums en studierigtings en meer op ontwerpe en hulle eienskappe. Vraag 5 – Die uiteensetting was baie beter as verlede jaar, maar kandidate moet alle inligting deeglik lees. (Figuur A in 5.1. asook vraag 6 - Figuur A & B in 6.1)
- Vraag 7 - Meer riglyne moet gegee word aan onderwysers wat afkomstig is van 'n visuele kuns agtergrond – spesifiek ten opsigte van Ontwerp in 'n besigheidskonteks en moontlike Ontwerpberoepe. (Vraag 7.2.2).
- Vraag 7.1.1 – Die meeste kandidate het hierdie vraag goed beantwoord omdat hulle hulself daarmee kon vereenselwig in terme skryf oor hulle eie besigheid. Sommige het egter besigheid in die algemeen bespreek eerder as 'n Ontwerpbesigheid.